**PUKKE!**
vir al u kleurbaadjies
**Johan Claassen Broers**
(EDMS.) BPK.
Tel. 3612
POTCHEFSTROOM
Tak: Tomstraat 90c

**die WAPAD**
*Amptelike studentekoerant van die P.U. vir C.H.O.* *In U lig sien ons die lig.*
NR. 9 VRYDAG 26 JUNIE 1970 JAARGANG XXV

J. Heidema
*Kerkstraat 48, Potchefstroom.*
**Telefoon 5319**
**VIR PUKKE**
**DIE FIETSWINKEL**

# Pukke teen Nafsas op massa

**BESPREEK NAFSAS**

**TYDENS 'n massavergadering verlede Woensdagaand het die Pukstudente die nuwe studenteorganisasie Nafsas met 'n groot meerderheid verwerp. Slegs sewe studente het teen 'n voorstel gestem wat die oogmerke en die grondslag waarvolgens Nafsas van plan is om te funksioneer, verwerp.**

Die voorstel wat deur mnr. Francois Venter, redakteur van Die Wapad in die vorige termyn, ingedien is, het verder ook ingehou dat die P.U.-studente hulle ten gunste van kontak met die anderstalige en andersvolkige studente uitspreek, maar met sekere kwalifikasies. In die geval van nieblanke studente moet dit op amptelike vlak wees en wel op 'n adhoc-basis wanneer en indien dit wenslik blyk te wees en verder binne die raamwerk van die beleid van afsonderlike ontwikkeling.

### Lewendig

Die bespreking het gou vlam gevat na die voorstel en die sprekers het gesorg vir 'n lewendige massavergadering. Net twee studente het ter ondersteuning van Nafsas gepraat nl. mnre. Chris Schoeman en Dawid van Rooyen. Mnr. Schoeman is sekretaris van Nafsas.

Pas nadat mnr. Venter aan die woord gekom het, het mnr. Schoeman beswaar gemaak met 'n ultra vires orde-voorstel. Mnr. Schoeman het aangevoer dat Nafsas nog nie 'n konstitusie opgestel het nie en dat die voorstel dus buite orde is.

Mnr. Johan Kruger, S.R.-voorsitter en ook voorsitter van die vergadering het egter nie die orde-voorstel aanvaar nie, omdat die voorstel gelui het dat die grondslag waarop Nafsas „van plan" is om te funksioneer, verwerp moet word.

Mnr. Kruger het ook aan die bespreking deelgeneem, nadat hy die voorsitterstoel aan mnr. Fanie Coetzee, die ondervoorsitter van die S.R., oorhandig het. Mnr. Kruger het gesê dat Nafsas 'n integrasionistiese beweging is en het aangehaal uit 'n notule van 'n vergadering waarop voorsitters van alle Engelstalige universiteite teenwoordig was.

### McMinn

Daarvolgens het mnr. Geoff McMinn, president van Nafsas, gesê, dat die skakeling tussen 'n federasie van die Suidelike Universiteite (insluitend Wes-Kaapland) „with Nusas would be stratigically unwise". Mnr. Kruger het daarop gewys dat as dit die houding van die Nafsas president teenoor Nusas (en alles waarvoor lg. staan) is, maak dit Nafsas soveel te meer doemwaardig.

**Mnr. Kruger het ook gesê dat die verbreking van skakeling tussen A.S.B. en die voorsitters van die konserwatiewe verenigings aan Engelstalige universiteite op die rekening van Nafsas moet kom.**

Mnr. Leon Wessels, voorsitter van die plaaslike A.S.B.-komitee het die bewering dat die A.S.B. besoek aan Malawi plaasgevind het a.g.v. die stigting van Nafsas as onsin bestempel.

Mnr. Callie Coetzee, S.R.-voorsitter in die vorige termyn, het gewys op die P.U. se optrede oor kontak in die verlede. Vir hom kom dit voor asof dit nie hier gaan om kontak nie, maar wel om Nafsas.



**Opmerklik min studente het die laaste massavergadering bygewoon w.o. NAFSAS, die nuwe studenteorganisasie, bespreek is. Bespreking was egter lewendig.**

**(Foto: Fotokuns)**

# VERSLAG OOR CHRISTELIKE WETENSKAP OP ASB-KONGRES

**DIE A.S.B.-KONGRES begin aanstaande Maandag in Port Elizabeth met die kongrestema: „Die Afrikanerstudent in 'n nuwe dekade". Die Puk-afvaardiging bestaan uit agt lede en vyf studente gaan ook saam as waarnemers.**

Nuwe tendense in die S.A. studente politiek sal ook aandag geniet. Interessante besprekings word verwag oor die woelinge om die A.S.B. en Nafsas. Sake rakende studenterade sal ook bespreek word.

Referate handel oor die aktualiteit van lewens- en wêreldbeskouing; die vraag na kerkvernuwing; permissiewe tydgees en studenterewolusies.

Die kommissieverslag oor die Christelike wetenskap sal ook aan die kongres voorgelê word. Elke universiteit moes 'n verslag opstel oor die onderwerp. Mnr. Johan Snyman, tans dosent in die dept. Wysbegeerte het die verslag van die P.U. opgestel.

Dit is 'n omvattende verslag wat spreek van diepe besinning m.b.t. die onderwerp: „Die verhouding tussen Lewens en Wêreld-

★ *Vervolg op bladsy 9*

# Interessante gegewens oor verlede jaar se eksamens

**STUDENTE se eksamensyfers is in die meeste gevalle hoër as hulle jaarsyfers en dames doen oor die algemeen beter as mans. Hierdie feite blyk uit statistiese gegewens wat deur die administrasie van die universiteit vrygestel is.**

Volgens hierdie gegewens bestaan daar in die meeste van die gevalle van die jaarsyfers en eksamenpunte van 1969 'n positiewe korrelasie. Die statistiese besonderhede omtrent die eerste B.-grade en voorgraadse diplomas is deur die rekenoutomaat verwerk en baie interessante gegewens is verkry.

Die korrelasiekoëffisiënt meet die afhanklikheid van jaarpunte en eksamenpunte. Sy waarde kan wissel tussen —1 en +1. Indien groter wordende jaarpunte gepaard gaan met groter wordende eksamenpunte, verkry ons 'n positiewe korrelasie. Indien die hoër jaarpunte gepaard gaan met laer eksamenpunte, verkry ons 'n negatiewe korrelasie.

By die suiwer B.A.-kursus het vakke soos Bantoereg, Ekonomie III, Musiekgeskiedenis II, Tswana II en III en Spraakleer en Drama II en III, geen korrelasie getoon nie. Daar was in al die ander gevalle in meerdere of mindere mate 'n positiewe korrelasie aanwesig.

SUIWER B.SC.

By suiwer B.Sc. het net Geologie geen korrelasie getoon nie, terwyl Aardrykskunde III, Statistiese Wiskunde II en Toegepaste Statistiek, 'n negatiewe korrelasie getoon het. In alle ander gevalle was daar 'n positiewe korrelasie.

By suiwer B.Comm. toon Arbeidsreg en Statistiese Wiskunde II geen korrelasie nie, terwyl daar by alle ander vakke 'n positiewe korrelasie is.

By die fakulteit opvoedkunde toon verskeie vakke soos liggaamlike opvoeding, skoolmusiek, biblioteekkunde, onderwyshulpmiddels, ens. 'n volmaakte positiewe korrelasie, terwyl daar geen negatiewe korrelasie bestaan nie. Ook die regsfakulteit handhaaf deurgaans 'n positiewe korrelasie.

*By alle gevalle in Interfakultêre Wysbegeerte word daar 'n perfekte positiewe korrelasie, nl. +1 verkry, aangesien die jaarsyfers en eksamenpunte presies dieselfde is.*

DAMES BETER

Van die eerstejaars het 25.1% van die mans, en 15.5% van die dames in 1969 gedruip. 64.4% van die mans het geslaag, teenoor die 77.7% van die dames. 5.5% mans, en 6.8% dames het met onderskeiding geslaag.

Van die totale studentetal vir 1969 het 75.7% van die mans geslaag, en 82.4% van die dames. 5.7% van die mans, en 7.8% van die dames het met onderskeiding geslaag. Slegs 9.8% dames het gedruip teenoor die 18.6% van die mans. Dit blyk uit die gegewens dat die dames deurgaans beter presteer as die mans, minder druip, en meer onderskeidings behaal.

**Daar he'jy dit**




**Opnames toon meisies swot beter, maar nie hoe hulle die manne uit die werk hou nie!**

BULT-APTEEK
ONS SPESIALISEER IN
★ BOUTIQUE
★ GESKENKE
★ JUWELE
★ KUNSHAARSTUKKE
AFLEWERING ORAL OP DIE KAMPUS
Tomstraat 88b & c
Foon 5943, 3377
STUDENTE APTEEK

# OOR DIE ONDERDEUR

EK IS EK — dis vanselfsprekend — en jy's my gek — want ek is nie meer ek nie. Ek dink ek is sommer stukke beter...

*Pieter Bredenkamp* en *Estette van Huyssteen* het tot die blinkste stap der stappe oorgegaan; net so *Elize Pienaar* en *Adré Kirsten* — voel julle nou gelukkig? Ek skat só. Voor ek vergeet, *Hannie de Bruin* en *Barend Venter* vaar in dieselfde bootjie.

In Karlien is 'n epidemie — hulle sê die mense ly aan glimlagsiekte maar dood het 'n oorsaak. Kyk net so: *Santie* en *Martie Kruger* moet net keer of dit wil beter gaan. *Jackie de Beer* en *Tienie du Plessis* is hiervoor verantwoordelik. *Chris Conradie* is lief vir forelle, daarom sleep hy met *Karin Traut*.

Yeah vir ons witkop Gatlander: *Faantjie Postma* en *Elmarie le Roux* is tot oor hulle ore verlief. O ja, en wie sou dit nou dink? *Ronel Steyn* se hart is in 'n sekere *André* van Pretoria se sak. *Elsa du Plessis* vind enige Ben goeie geselskap; maar as dit by haar eie *Ben* kom bly dit nie by geselskap nie hoor! *Mila van der Walt* loop kop omhoog langs *Paul Hoogendyk*, terwyl *Regina Neuhoff* 'n uitgesproke „anti-Puk-manne" is. Hoe kan dit dan nou anders as *Hennie* op Pote sit.

*Suzette Coleman* het koue gevat, want *Hannes Liebenberg* het water op die knieë. Ja jongie, uitgevang! *Marlene Hulme* en *Hennie van Rensburg* van Schweizer-Reneke is dit eens dat 'n gratis lugdiens tussen Potch. en Schweizer darem baie gerieflik sou wees!

Ek wou nog die voël vang wat dit vir my gesê het, maar ek kan nie vlieg nie, en jy? In ieder geval, wat is dit nou weer van *Henk Coetzee* en *Marie Faul* wat wil... WAT!?... voor die A.S.B. toer? Dan is lg. sommer 'n ... WAT!?

*Lood Dercksen* se vertrek na Johannesburg besorg *Marie Marais* baie hoof- en hartbrekens.

*Pieter van Heerden* en *Hendriena Ströh* van Mea Mater het hulle skapies bymekaar geja. Netso het *Francois Fourie* en *Sophie Steynberg* se varkies bymekaar uitgekom. *Coert* en *Magdalena Coetsee* (beide gebore Coetsee vir die sensasionaliste" se onthalwe) se perde wei saam terwyl *Johan Laubscher* en *Wilma Wolmarans* hulle sèlf bymekaar gejaag het.

*Rolf Jordaan* en *Ditsie Esplin* tel ook nog onder die wat moet sterk wees!

*Riana Fourie* en *Philip Otto* sleep dik stukke — en nie sommer van gister af nie hoor — hulle byt lankal vas. *Hester Buys* en *Hans Hant* gevoel dit net so ernstig as *Emmie Steyn* en haar *Kobus van der Walt* (nie Annemarie se broer nie). So van boete gepraat — *Amanda Hamilton-Atwell* sleep met *Kleinboet*. *Betsie du Plessis* sal moet aansoek doen om te pluk want sy sleep met 'n *Bingle*, genaamd *Johannes*.

*Hester du Pisani* en *Johan du Plessis* het my gevra om tog vir *Suna Henning* en *Fritz Britzley* te sê: Moenie vanaand weer hulle plekkie steel nie. Kom ons klink glasies vir die soveelste maal op *Joffie* en *Isabel Kruger*. Hulle maak weer wit tandjies vir mekaar.

*Alma Fourie* en *Johan Delport* sê heil die Puk — hy 't ons bymekaar uitgebring. Ons sluit af met *Engela Malherbe* en die witkop man op die foto in haar kamer.

Ek moet nou groet. Ek hoop nie die koue, lang, vakansie bring koue in te veel harte nie. Laat waai met die briewe... dit help nogal!

Hoogagtend die uwe,
Ek.

## Rembrandtlesing

**Die 25ste Junie gee dr. Ballot die tweede lesing ter herdenking aan Rembrandt se 200ste sterfdag verlede jaar. Hy praat oor die belangrikste aspek van die skilder, nl. sy selfportrette.**

ONS IS AMPTELIKE VERSKAFFERS VAN U UNIVERSITEIT SE KLEURE EN SPORTDRAG

POTCHEFSTROOM SE MODERNE AFDELINGSWINKEL VIR DIE FAMILIE

UNIEWINKELS

DIE BULT EN KERKSTRAAT 86(B)
POTCHEFSTROOM

# HOOFLIGGAME SE KONSTITUSIES IS NOU BYNA AFGEHANDEL

## Nuwe stemvereistes opgestel

**DIE TERMYN van die Studenteraad is feitlik verby, maar daar is nog verskeie belangrike sake wat aandag geniet.**

**Nadat die hele saak betreffende konstitusies en reglemente vir 'n lang tyd in 'n taamlik vloeibare toestand was, het die Studenteraad gedurende die afgelope paar maande, in opvolging van die werk wat reeds gedurende die vorige termyn begin is, 'n groot deel daarvan afgehandel.**

Die konstitusie en huishoudelike reglement van die Studenteraad self is reeds finaal afgehandel en ook deur die Universiteitsraad goedgekeur. Van die hoofliggame is dit nog net die S.S.B. se konstitusie wat voltooi moet word. Die ander vier hoofliggame se konstitusies wag nog net op finale afronding en goedkeuring. Met die belangrikste konstitusies agter die rug, is die „konstitusiespook" se rug feitlik gebreek, volgens S.R.-lede.

### Broseksamen

**Daarbenewens is daar onlangs ook belangrike veranderinge aangebring in verband met stemreg. Persone wat in die vervolg by verkiesings sal wil stem, sal nie meer nodig hê om die Studentehandboekeksamen te geslaag het nie. Die slaag van dié eksamen verval egter nie as vereiste vir kandidate en vir die verkryging van 'n kleurbaadjie nie.**

Om die stemmery verder te vergemaklik en sodoende hopelik 'n hoër stempersentasie te verkry, sal stemreglyste in die vervolg volgens koshuise opgestel word. Die hulp van huiskomitees sal ook verkry word by verkiesings.

### S.S.B.

Ander belangrike sake wat die aandag geniet, is die voortbestaan van die kleurbaadjie en die funksionering van die S.S.B. Twee afsonderlike kommissies stel onderskeidelik ondersoek in na die wenslikheid van die vervanging van die streepbaadjie, die posisie van sportspanne in ag genome, en die plek en wenslikheid van die S.S.B.

Die voorsitter van die Studenteraad, mnr. Johan Kruger, het aan Die Wapad gesê dat hy tevrede is met die vordering van die konstitusies. Daardeur is die konstitusies op 'n vaste grondslag geplaas.

## NUWE PROFESSORE

**NA 'n vergadering van die Raad van die P.U. op 17 Junie is bekend gemaak dat 6 senior lektore tot professor bevorder is. Hulle is: Drr. F. D. du Plooy (Duits), M. J. H. du Plessis (Frans), J. H. van Wyk (Interfakultêre Wysbegeerte), C. Venter (Kultuurkunde), G. M. Ballot (Kunsgeskiedenis) en J. J. P. van Wyk (Plantkunde).**

**Verder is daar 8 lektore wat bevorder is tot senior lektore en 4 junior lektore is bevorder tot lektore.**

## THALIA OP TOER MET WEDUWEE

**DIS NOU SEKER, dié mense wil die land sien. Dis Thalia en hulle toer hier vanaf Wes-Transvaal en Noord-Kaapland, deur Bloemfontein, dan deur die Oos-Vrystaat tot in Noord-Natal en terug na Noordoos-Transvaal.**

Volgens mnr. Tinus Jacobsz, voorsitter van Thalia, sien al die toerlede baie uit na die toer. Hy hoop net die toer sal die moeite loon.

Tot dusver was die ontvangs van die stuk baie goed. Die mense het heeltemal tevrede gelyk en hy dink die stuk is 'n redelike goeie keuse.

Die stuk is *Die Onwillige Weduwee* deur Henriëtte Grové. Die stuk gaan oor 'n skatryk weduwee wat nog boonop baie mooi is. Daar is natuurlik baie aanspraakmakers en sy moet net kies. Die moeilikheid kom by die testament met gekompliseerde bepalings vir 'n baie mooi en ryk weduwee.

Die stuk is reeds opgevoer op Loopspruit, in Stilfontein en verlede Woensdag in Benoni.

Die Pukke kan die opvoering bywoon op 1 Augustus in die Totiussaal en die bespreking sal by die S.R.-kantoor gedoen word.

## Geleerde bespreek Bruegel

**Na die opening van die kunstetoonstelling Woensdagaand 10 Junie, het 'n ou bekende prof. A. A. F. Teurlinckx 'n voordrag gelewer ter herdenking aan die 400ste sterfdag van die skilder Pieter Bruegel.**

Hy het gesê dat ons hierdie uiters belangrike skilder nie kan koppel aan tyd of 'n spesifieke stylrigting nie, aangesien hy so hoogs individualisties was en ook omdat verskillende kenmerke van verskeie rigtings in sy werk te bespeur is.

Prof. Teurlinckx het o.a. op die Barok elemente in sy werk gewys maar ook op die hoogs ekspressionistiese krag daarvan. Sy tema's is gewoonlik om boeregebeurtenisse soos bruilofte, geweef, maar bevat verder iets didakties.

Prof. Teurlinckx was as gebore Vlaming uiters geskik om oor hierdie Vlaming, te praat. Sy voordrag het getuig van 'n grondige kennis en waardering van, en insig in die werk van Bruegel. Sy geestigheid het die gehoor geboei.

Prof. Teurlinckx is tans professor in Kunsgesiekdenis aan die U.O.V.S.

## Geoloë steun ook S.A.B.

„Op 'n onlangse vergadering gehou deur die Geologiese vereniging is volle steun verkry vir die stigting van 'n Sentraal-Akademiese Bestuur", sê mnr. A. G. Brits, voorsitter van die Vereniging.

„Daar is veral twee aspekte van die beoogde S.A.B. wat deur ons vereniging verwelkom sal word. Daar word elke jaar 'n ekskursie gereël vir geologiestudente deur middel waarvan hulle nader met die praktyk kan kennis maak. Finansiële hulp sal in hierdie opsig van groot waarde wees.

„Verder word daar in die loop belê deur die Geologiese Vereniging van elke jaar 'n aantal vergaderings waartydens interessante praatjies gelewer word deur lede van ons personeel oor die een of ander aspek van geologie. Met behulp van die S.A.B. sal dit dan makliker wees om belangstellendes van ander departemente by hierdie praatjies te betrek".

„Verder voel ons ook sterk dat ons vereniging se onafhanklikheid nie deur so 'n beoogde bestuur aangetas word nie", het mnr. Brits gesê.

**Verskeie ander verenigings het ook hulle steun vir hierdie vereniging uitgespreek.**

Vier u groot geleentheid met Rentmeester

'n Verlowing. Bevordering. Huwelik. Baba. Elke lewe het sy groot oomblikke. Hoe kan 'n mens jou geluk 'n bietjie meer permanent maak? Raadpleeg Rentmeester. Elke Rentmeester-polis beteken 'n bestendiger toekoms. Vier dus u volgende groot geleentheid met Rentmeester. Dan is u van lewenslange gemoedsrus verseker.

Rentmeester
VERSEKERAARS BEPERK
Hoofkantoor: Rentmeestergebou, Bosmanstraat 219, Pretoria. Tel. 3-1258
*VOLLEDIGE BEPLANDE LEWENSVERSEKERING VERSKAF GEMOEDSRUS*

adverto 4129/a

# KOSHUIS KAN 'N BRAAIVLEIS WEN IN BLOEDSKENKING

**IN ONS VERLIGTE EEU word daar baie gehoor van wedstryde: rugby, hokkie en vele ander. Maar al ooit gehoor van 'n bloedwedstryd?**

Die bloedoortappingsdiens het in samewerking met 'n bierbrouery 'n bloedskenkwedstryd uitgeskryf. Koshuise van die P.U. vir C.H.O., P.O.K. en die Landboukollege mag deelneem. Die wennende koshuis sal 'n braaivleis van die onderneming ontvang. Gesien in die lig van die feit dat die 'n bierbrouery is, kan mens seker aanneem dat die braaivleis afgesluk sal word met water.

Die wedstryd sal volgende kwartaal met die volgende reeks oortappings plaasvind. Enige persoon bo agtien jaar wat nog nie geelsug gehad het nie mag deelneem. Die prys sal toegeken word aan die koshuis wat persentasiegewys die meeste bloed geskenk het.

Die wedstryd is uitgeskryf op grond van die swak skenkings die afgelope tyd.



**Werkers besig aan uitbreidings by die P.U.-Gimnastieksaal.**
**(Foto: Ben van der Walt)**

# MATIES SÊ WEER NEE VIR ASB

**NUWE WOELINGE oor die A.S.B. is aan die orde op beide die campusse van U.P. en Stellenbosch. Ontevredenheid blyk steeds te wees 'n sogenaamde ondoeltreffende funksionering.**

Tukkies se verhouding tot die A.S.B. is vinnig besig om tot 'n punt gedryf te word. Dit wil egter voorkom asof die S.R. huiwer om tot 'n direkte besluit te kom.

'n Aanvanklike Studenteraadsbesluit tot voorlopige opheffing van U.P. se lidmaatskap is op 5 Junie geneem, maar op die daarop volgende Maandag, na 'n heftige debat, is op 'n spesiale vergadering eenparig 'n mosie aanvaar tot voorlopige opskorting van die vorige besluit.

Die S.R.-voorsitter, mnr. Hannes Botha, wys daarop dat die aksie van Tukkies onomwonde beskou moet word as 'n positiewe hervormingspoging en geensins 'n afbreking is van die A.S.B.-saak nie. Veel sal afhang van die sukses van besprekings met die A.S.B.-hoofbestuur.

Op Stellenbosch het 'n onlangse poging van studente om te herafilieer skipbreuk gely. Tydens 'n referendum wat op 15 Junie gehou is, is met 'n meerderheid van 237 stemme teen reaffiliasie besluit.

Altesaam 1,438 studente het teen affiliasie gestem en 1,201 daarvoor. Die stempersentasie in vergelyking met 'n vorige oor dieselfde saak twee jaar gelede (78.4%) was hierdie keer 'n karige 38.3%.

Bande met die A.S.B. word egter nog gehou deur die A.S.V.S. (Afrikaanse Studentevereniging Stellenbosch).

Mnre. Alex Luttig en Louis du Plessis, wat die referendum aangevra het, is verheug dat soveel mense ten gunste van die mosie gestem het. Hulle is dit eens dat 'n blokstem van ongeveer 400 Progressiewe Party-ondersteuners en ook 'n blokstem van nog meer as 400 Engelstalige studente die moontlikheid van 'n oorweldigende meerderheid ten gunste van reaffiliasie in die wiele gery het.

# OPPENHEIMER BESOEK P.U.

**TYDENS SY onlangse besoek aan die P.U. het mnr. Harry Oppenheimer te kenne gegee dat hy besonder beïndruk is deur die hoë standaard van die werksaamhede in die verskillende Departemente aan die P.U. Dit het voorgekom asof die standaard wat hier gehandhaaf word, mnr. Oppenheimer se verwagtinge oortref het.**

By sy aankoms op die P.U., het mnr. Oppenheimer saam met mnr. Robinson, die direkteur van Ontwikkeling aan die P.U., tee gedrink alvorens hy die program vir die dag aangepak het.

**Hartnavorsing**

Daarna is mnr. Oppenheimer na die Fisiologiegebou, waar tans gespesialiseer word op hartnavorsing; terwyl 'n besoek aan die Departement Dierkunde die bilharsia- en grondbiologiesenavorsingswerk onder die aandag van mnr. Oppenheimer gebring is. Die skandeerelektronmikroskoop is by die geleentheid aan hom gedemonstreer.

'n Besoek aan die Departement Spraakleer en Drama het bewys dat die P.U. ook in hierdie opsig pionierswerk verrig. Die dramastudente het deur middel van 'n praktiese demonstrasie getoon waartoe hierdie Departement in staat is.

**Sielkunde**

Tydens 'n besoek aan die Departement Sielkunde is die werking van die Aurelle-apparaat aan mnr. Oppenheimer verduidelik en gedemonstreer. Hierdie apparaat is die enigste van sy soort in S.A. Na 'n besoek aan die biblioteek, het hy verskillende campusbedrywighede besoek. Daarna het hy 'n noenmaal by die woning van die rektor, prof. H. J. J. Bingle, genuttig.

Na afloop van die noenmaal, het mnr. Oppenheimer sy besoek afgesluit deur 'n besoek aan die Departement Musiek.



**V.l.n.r.: Dr. Tommy Muller, die besturende direkteur van General Mining en Voorsitter van die Raad van Beskermhere van die P.U.; prof. Ryke; mev. Betsie Prinsloo, operatrise van die skandeerelektronmikroskoop; en voor by die mikroskoop mnr. Harry Oppenheimer. Die foto is geneem tydens mnr. Oppenheimer se besoek aan die Departement Dierkunde.**

**(Foto: Fotokuns)**

# KORPS GAAN 'N BRUG VIR SWAZIS BOU

**AL OOIT GEHOOR van amateurs wat 'n brug gaan bou? Dis die voorneme van ongeveer vyf-en-twintig Pukke wat Juliemaand per bus na Swaziland sal vertrek.**

Hierdie toer is geloods vanuit Korps se geledere. Hulle vertrek die 1e Julie met die Pukbus en sal dieselfde aand nog langs die Umfolozirivier by Phemba sit en koffie drink.

Die doel hiervan is om voetverkeer tussen die sendingstasie en die Trustgebiede waar die Bantoes bly te vergemaklik. In die begin sal 'n ingenieur teenwoordig wees om toe te sien dat daar nie drooggemaak word nie. Daar was vroeër 'n hangbrug, maar dit het na die eerste groot reëns die gees gegaf. Kosvoorrade word saamgeneem asook eie beddegoed. Die paar dames wat saamgaan sal die manne na liggaam en gees moet versterk.

**Kos**

Die toer vind plaas in samewerking met die N.G. Kerk Sendingraad. 'n Donasie van R300 om die koste te dek is van die N.G. Kerk Hartebeespoort ontvang. Plaaslike besighede het ook aansienlik bygedra. Materiaal word voorsien.

By hul terugkeer sal 'n draai by Lourenco Marques gegooi word. Moontlik sal die parlementshuis en Usutuwoude besoek word. Daarna sal hulle deur die Krugerwildtuin terugkeer.

„Vleispasteitjies met tamatiesous, asseblief . . ."
GEBAK DEUR
Turkstra
BAKKERY
ook te kry by u kafeteria

## Kursus in rekenaarwetenskap

**Een van die jongste kursusse wat aan die P.U. ingestel is, is rekenaarwetenskap. Dit resorteer onder die fakulteit natuurwetenskappe en is 'n twee-jarige hoofvak wat saam met fisika, wiskunde, of statistiese vakke geneem word.**

Die hoof van die rekenaarsentrum, prof. J. F. de Beer, is aan die hoof van hierdie nuwe studierigting.

Die eerste skenking aan die sentrum is op 5 Mei deur mnr. J. Smit, dataverwerkingsverteenwoordiger, namens IBM Suid-Afrika (Edms.) Bpk., aan prof. De Beer oorhandig.

Cachet Modes
(EDMS.) BPK.
Tomstraat 92 Telefoon 5038





Die winkel waar die kieskeurige dames koop.

die WAPAD

VRYDAG 26 JUNIE 1970

# Nafsas en kontak

Die stigting van Nafsas het opnuut die aandag op die kwessie van kontak tussen die verskillende studentegroepe gevestig. Kontak is 'n uiters delikate saak, maar een wat tog so nodig is in ons netelige verhoudingspolitiek.

Die Pukstudente stem saam met Nafsas dat daar 'n groot gebrek aan onderlinge begrip, wedersydse respek en samewerking tussen Afrikaanse-, Engelse- en nie-blanke-studente in die Republiek is. Ons stem saam met Nafsas dat hierdie toedrag van sake kán en móét verbeter indien ons die bevolkingsvraagstuk bevredigend wil oplos. Waar die Pukstudente egter van Nafsas verskil is die wyse waarop hierdie kontak beoefen moet word.

Nafsas het in die weke na die stigting van die organisasie duidelik te kenne gegee dat hulle blanke sowel as nie-blanke studente in een organisasie wil saamvoeg. Daar word dus gepoog om onder die dekmantel van gematigheid 'n veelrassige organisasie daar te stel wat duidelik op integrasie afstuur. Die argument dat hierdie organisasie binne die raamwerk van afsonderlike ontwikkeling sal funksioneer beindruk regtig nie, ewemin as wat die bewering waar is dat die A.S.B. aan die organisasie wil voorskryf wat regeringsbeleid nou eintlik is.

In teenstelling hiermee is die Pukstudente se standpunt (wat ook die A.S.B. se standpunt in hierdie verband is) dat kontak met andervolkiges op amptelike vlak en wel op adhoc-basis moet geskied. Op hierdie gebied is reeds vordering gemaak. So het die besoeke van die A.S.B. aan nie-blanke universiteite in Malawi en Lourenco Marques goeie resultate gelewer. Opmerklik van hierdie besoeke was dat dit nie beoog het om politieke bekering te gaan doen nie, maar dat dit oor studenteaangeleenthede gegaan het.

Positiewe resultate het dus voortgevloei uit kontak met studentegroepe wie se politieke sieninge sekerlik opmerklik verskil van die A.S.B.

Nafsas se argument dat samesprekings nie kan slaag mits dit geskied op 'n politieke platform met 'n neutrale grondslag raak dus nòg kant nòg wal.

Kontak is nodig, maar ons mag dit nie nastrewe op die gevaarlike weg waarop Nafsas hulle begewe nie.

# Woelinge om die A.S.B.

Alles dui daarop dat die A.S.B.-kongres wat Maandag in Port Elizabeth begin van groot belang vir die Afrikanerstudent sal wees.

Die aandag sal gevestig wees op die verslag van die kommissie na die Christelike wetenskapsleer wat verlede jaar benoem is. Dit sal alleen tot voordeel van die bond strek as die problematiek om die verskilpunte wat daar in die verlede in studentekringe oor Christelike wetenskap bestaan het, op bevredigende wyse bygelê kan word.

In die tweede plek sal die aandag veral gevestig wees om die woelinge rondom die voortgesette affiliasie van studenterade by die A.S.B. Die besluit van Stellenbosch om nie te heraffilieer nie was teleurstellend maar glad nie onverwags nie. Die feit dat hierdie S.R. buite die A.S.B. staan is natuurlik verstaanbaar in die leiding wat hulle gee om 'n ander studente-organisasie op die been te bring.

U.P. is ook van voornemens om ingrypende hervormings op die kongres voor te stel in die organisasie van die A.S.B. Dit is algemeen bekend dat aanpassings van tyd tot tyd nodig is en dat veranderings in die struktuur van die A.S.B. wat poog om dit nader aan die Afrikanerstudent te bring, verwelkom word. Die voorstelle wat daardie inrigting beoog sal dan ook met belangstelling gevolg word en die P.U.-afvaardiging sal seker die positiewe voorstelle met graagte verwelkom wat tot werklike voordeel en opbou van die A.S.B. strek.

Dit moet egter duidelik gestel word dat dit hier gaan om die opbou van 'n organisasie waarin die Afrikanerstudent hom vir meer as twee dekades tuis gevoel het. Dit is logies dat die Christelik-nasionale beginsel waarop die A.S.B. hom stel steeds geëerbiedig moet word. Waar dit dus gaan om mense tevrede te stel wat die verbintenis met die A.S.B. as „sieklike sentimentalisme" beskou en Christelik-nasionaal as agter die tyd af te skryf, word te ver gegaan. Dit is die taal van aftakelaars en nie van hervormers nie.

Veranderinge aan die struktuur van die A.S.B. moet ook realisties wees. Belangeloosheid by die deursnee student het nog altyd die A.S.B. se saak benadeel.

Sal dit ook nie die grootste struikelblok vir 'n „hervormde A.S.B." wees nie?

# VEREISTES VIR DIE IDEALE SKEIDSREGTER

**RUGBY HET 'n fyn wetenskaplike sport geword wat nie net hoë eise aan die spelers stel nie, maar ook in 'n toenemende mate aan die skeidsregters. Alvorens 'n skeidsregter op die veld gaan moet hy hom van die volgende vergewis:**

Hy moet nie net die reëls paraat hê nie, maar moet dit ook prakties kan toepas. Hy moet die regte beslissing binne oomblikke kan vel met die wete dat so 'n beslissing vasstaan en onherroepbaar is.

'n Swak beslissing, hoe bona fide dit ook mag wees, is demoraliserend vir enige span.

Kom ons beskou argumentsonthalwe ons plaaslike koshuisrugby van nader.

### Sielkundig

Waar dit 'n welbekende feit is dat die onderlinge kompetisie baie sterk is en 'n swak beslissing, hoe gering ook al, die skaal in die guns van een van die spanne kan laat swaai, is dit duidelik dat so 'n benadeelde span dadelik 'n sielkundige agterstand het, hoe gesond die span- of koshuisgees ook al mag wees.

**Swak beslissings aktiveer spelers tot robuuste spel en al die onaangenaamhede wat daarmee gepaard gaan. In 'n mate kan sulke optrede van spelers verstaan word, want op welke wyse kan hy dan uiting gee aan die frustrasie wat sodanige beslissings in die hand werk. Probeer hy volgens die reëls speel word hy gepenaliseer. Dus, wat staan hom te doen. Sal hy maar met alles genoeë neem? Stellig nie! Indirek dus, skaad die swak beslissings van die skeidsregter op die rugbyveld die prestige van die koshuis op die campus.**

**studentemening**

Beskou die skeidsregters in die koshuisliga die wedstryde in dieselfde lig as senior ligawedstryde? Dit word verwag van die skeidsregters in die koshuisliga om elke wedstryd wat hy blaas te beskou deur dieselfde bril waarmee hy 'n senior liga-wedstryd sal beskou. Daar kan mos nie verwag word van 'n speler wat hierdie week nog vir sy koshuis speel en volgende week vir die P.U.K. speel om beoordeel te word vanuit 'n ander oogpunt nie.

### Twee klasse

Dit wil soms voorkom asof die rugbyreëls in twee klasse verdeel word: Koshuisrugbyreëls en internasionale rugbyreëls. Is daar bestaansreg vir so 'n indeling? Die skeidsregters wil graag die koshuisrugby aanskoulik maak, hulle wyk af van die reëls en daardeur word die wese van rugby verkrag. Eerder moet toegesien word dat *rugby* gespeel word en nie soseer gelet word op hoe die spel na buite vertoon nie. Die spel kan alleenlik seëvier indien dit volgens die reëls en die korrekte toepassing daarvan gespeel word.

**Alhoewel dit essensieel is dat 'n skeidsregter hom nòg deur 'n speler nòg deur op of aanmerkings vanaf die kantlyn moet laat beinvloed, moet hy bewus bly van die feit dat hy ook in staat is om foutiewe beslissings te vel en waar hy dan deur 'n speler gevra word om 'n verduideliking te gee van een of ander beslissing moet hy nie gekonfronteer voel nie, maar ook 'n simpatieke oor wend na die mening van die speler en dit in oorweging neem.**

### Vertolking verskil

Die oorgrote meerderheid van ons skeidsregters is op hoogte met die reëls maar ongelukkig vertolk almal nie die reëls dieselfde nie. Waaraan moet hierdie toedrag van sake gewyt word? Is dit vanweë die feit dat daar 'n gebrek aan kommunikasie tussen skeidsregters is of is dit vanweë die feit dat hulle nie gebruik maak van geleenthede wat hulle gebied word om onderlinge menings te lug en dan tot 'n konklusie te kom ten opsigte van die toepassing van sodanige reëls nie?

★ *Vervolg op bladsy 7*

# Uit die Woord

## CHRISTUS SE LYDENSBEKER – ONS VREUGDEBEKER

*Matth. 26 : 39: „En Hy het 'n bietjie verder gegaan en op sy aangesig geval en gebid en gesê: My Vader, as dit moontlik is, laat hierdie beker by My verby gaan, nogtans nie soos ek wil nie maar soos U wil".*

*In Matth. 7 : 9 belowe Christus aan ons die verhoring van ons gebede as hy sê: „Watter mens is daar onder julle wat as sy seun hom brood vra, aan hom 'n klip sal gee?" As 'n swakke en sondige mens dan aan sy kind brood gee, hoekom dan nie te meer ons hemelse Vader nie? God gee volmaak! God sal nie aan sy kind 'n klip gee as hy Hom om brood vra nie. Altyd wil Hy ons gebed verhoor.*

*In Getsemanë vind ons egter die volgende: 'n Seun wat bid! 'n Vader wat swyg! Christus staan hier op die vooraand van dit waarvoor Hy juis gekom het: sy soendood tot vergewing van al ons sondes. In die aangesig van die dood deins Hy terug en Hy sidder. Daarom stort hy in 'n diepe, angstige gebed sy angs en droefheid voor die aangesig van sy Vader uit. Met sy aangesig plat op die aarde en sy sweet wat soos bloeddruppels op die aarde val worstel Hy in die gebed — vra Hy, dat as dit moontlik is, hierdie beker tog by Hom sal verbygaan. En onwillekeurig dink ons weer terug aan sy woorde: „Watter mens is daar onder julle wat as sy seun hom om brood vra hom 'n klip sal gee?"*

*Maar oor Getsemanë hang 'n sware stilte. 'n Seun wat roep, wat smeek, wat vra! 'n Vader wat swyg! God gee hom niks. Die swye, ja dit is God se antwoord. 'n Engel verskyn wel aan Jesus maar nie met 'n antwoord van sy Vader nie — slegs om Hom te versterk. Maar in hierdie vaderlike swye lê daar vir Jesus reeds 'n antwoord. Hy moet hierdie weg van die kruis bewandel — dit kan nie anders nie. En met die woorde: „Nie My wil geskied nie, maar U wil geskied" neem Hy die beker . . . om dit by ons te laat verbygaan. In hierdie vaderlike swye lê vir ons 'n heerlike evangelieboodskap. Sou die Vader Hom antwoord, dan sou ons die ellendigste van alle mense wees want dan sou ons daardie beker moes ledig. Maar deur die Vader se doodse swye daar in Getsemanë het Jesus se lydensbeker vir ons 'n heerlike vreugdebeker geword, en kan ons nou hierdie beker van verlossing aan ons lippe bring, en met diep teue daaraan drink, want in sy eensame, bittere worsteling in Getsemanë het Jesus alles vir ons volbring.* M.P.H.

DIE
INSLEEP RESTAURANT
WAARHEEN ALMAL SLEEP
Koshuisbestellings: 6039

# DOSENTE BESOEK MALAWI

**'N GROEP van sowat 14 dosente van die Potchefstroomse Universiteit vertrek op 1 Julie 1970 na Malawi vir 'n studietoer wat omtrent 'n maand sal duur. Die leier van die sending, prof. J. H. Coetzee, direkteur van die Instituut vir Afrikanistiek en hoof van die Departement Volkekunde, het gesê die doel van die toer is 'n verkenning om met Malawi as ontwikkelende Afrika-staat kennis te maak.**

Die deskundiges wat saamgaan is onder andere prof. J. A. Grobler van die dept. Bodemkunde, prof. J. S. van der Merwe van Geografie, prof. C. P. van der Walt van Staatsleer en prof. J. S. du Plessis van Geskiedenis. Die toergangers sal hoofsaaklik onderhoude voer en besienswaardighede wat op die verskillende studieterreine betrekking het, besoek. Daar word ook 'n onderhoud met die President, dr. Banda, beoog.

**Stywe program**

Elkeen van die dosente wat saamgaan, het 'n stywe feiteopnameprogram, waarvan hulle verslag moet gee by die terugkoms.

Die staatkundige, ekonomiese, geografiese en historiese aspekte van Malawi sal op hierdie wyse nader beskou word. Besondere studies kan dan later gemaak word.

**'n Interessante aspek is die bedrywighede van die Israeli's. Israel stuur as deel van sy hulpskema in Afrika deskundige tegnici na Malawi, wat gekonsentreer word op landbouhervormings. Hiervoor word die Kibbutz-, Moshav-, of die Moshav-Shitufi-stelsels geïmplementeer. Hierby word betrek ook dorpstigting en verskaffing van gesondheids- en onderwysfasiliteite.**

**Malgassiese Republiek**

Omdat hierdie stelsels vir Suid-Afrika se eie bantoetuislande baie voordele mag inhou, word noukeurig ondersoek ingestel. Ander sendings na Afrika-state word ook beoog, soos dié na die Malgassiese Republiek in volgende jaar.



**Soos 'n netjies verweerde hooimied op twee pale met so 'n lang kousnek wat in die lug rondtas. So lyk volstruis se kind as hy nog kind is. Prof. S. J. Preller het twee van hierdie groot voëls in die distrik van Lichtenburg gekoop om op sy plaas aan die Limpopo te gaan loslaat. Intussen word hulle hier op die Puk in sy agterplaas gehou totdat hulle plaas toe moet gaan. Hulle eet glo heeldag net wortelblare en mielies, met hier en daar 'n klip om die spysvertering 'n bietjie aan te help. Hierdie twee is egter vir hoë dinge beskore, want hulle gaan stamvader en -moeder van 'n nuwe trop op die plaas wees. (Foto: Ben van der Walt)**



**Puk se nuwe tennisbane is ongeveer drie weke gelede in gebruik geneem. In die agtergrond is die Oude Molen Sportterrein. (Foto: Ben van der Walt)**

# Kleurbaadjies vind inslag

**NA AANLEIDING van die talle plakkate oor kleurbaadjies, wat selfs hier en daar 'n stoere ouheer en ingetoë oudame skeef laat opkyk het, het Die Wapad se verslaggeefster 'n meningsopname onder Pukke gaan doen.**

*Marilyn van Eeden* (U.O.D.) het haar eie baadjie en is lief daarvoor om dit te dra. Sy is van mening dat die dra van kleurbaadjies 'n voorkoms van groter netheid op die kampus sal skep en dat dit boonop 'n groter samehorigheidsgevoel onder die studente sal skep.

**Oorsee**

*Cornel Nagel* (Teologiese student) sê dat hy bewus is daarvan dat die dra van eenvormige drag (waaronder ook die dra van kleurbaadjies) aan oorsese universiteite afgekeur word. Nogtans meen hy dat oorsese opvattings nie in ons situasie van toepassing gemaak kan word nie. Dit kan volgens hom net bydra dat daar 'n groter samehorigheidsgevoel onder die Pukstudente ontstaan.

*Hennie Steyn*, 'n propedeutiese student, meen dat die instelling van 'n kleurbaadjiedag 'n baie goeie idee is, want sodoende sal die Pukke leer om trots te wees op hulle kleurbaadjies.

*Hannetjie Coetzer* (U.O.D.) meen ook dat die dra van die kleurbaadjies sal bydra tot 'n versterkte eenheidsgevoel onder die studentegeledere. Verder sê sy: „Dit gee die dames minstens ook 'n geleentheid om hulle baadjies te dra, want baie dames voel dat daar nie genoeg geleenthede is om hulle baadjies te dra nie. As almal hulle baadjies dra, kan dit terselfdertyd die eerstejaars en ander studente wat nie baadjies het nie, aanmoedig om hulle handboekeksamens af te lê.

**Farmaseute**

*Annamarie Taljaard en Elizabeth Bond*, Farmasiestudente, is vasberade dat hulle nie die baadjie sal dra omdat hulle nie van die Pukbaadjie hou nie, maar het geen besware as die ander dit wil dra nie.

Basies is dit egter 'n baie oulike idee om 'n kleurbaadjiedag in te stel, en oor die algemeen blyk dit dat die Pukke dit goedkeur.

## „VERKRAMP" OOK IN AMERIKA

**DIE terme „verlig" en „verkramp" van prof. Wimpie de Klerk-faam is nou al so internasionaal bekend dat dit selfs al in Amerika kop uitgesteek het.**

**In die jongste uitgawe van Time, 'n Amerikaanse tydskrif, word die Amerikaners nl. in hierdie twee groepe verdeel. Die redakteur van hierdie blad, Henry Grünwald, skryf dat Amerika 'n verdeelde land is. Die terme wat hierdie verdeeldheid die beste aantoon, is die „cramped ones" of „closed-minded" teenoor die „enlightened ones" of die „open-minded".**

KOLLEGE DIENSSENTRUM

Studente!!

Julle ken almal

Oom Chris Coetzee



**Chris Diedericks en twee van sy maats gee vandag op bl. 4 hulle menings oor skeidsregters. (Foto: Fotokuns)**

# *So leer die Puk se onderwysers*

Het jy al ooit tussen 8 vm. en 1 nm. op 'n weeksdag by die Hoofgebou verby gestap en nie 'n klomp studente sien saamkoek in die sonnetjie nie. Ek praat ook nou nie van daardie klomp piesangs wat hulle self die bestudeerders van die wet noem nie, maal wel van diegene wat huisvesting vind in die Noordelike vleuel van die Hoofgebou, die onderwysers van die Puk of nog beter die toekomstige opvoeders van ons volk.

Hierdie groep studente werk ook, al lyk dit nie aldag so nie. Onthou net om op die skryfbord te kan skryf is 'n KUNS. Tot manne en dames met status (grade) moet dit eers oefen en swot, voordat hulle dit kan bemeester.

Die dosente van die Fakulteit Opvoedkunde glo nou boonop ook nog aan massas werk maar moenie glo aan massa van klasse nie.

Hierdie arme studente is te bejammer my medestudente! Dink net hoe verskriklik vreeslik dit moet wees om vir sewe periodes aanmekaar in 'n yskoue, beknopte klas, op 'n mankoliekige bank te sit en ... slaap.

Indien julle dus in die gevolg julle skrede langs die Hoofgebou verby wend, laat sak julle koppe en betreur die feit dat van jul eie mede Pukstudente so moet ly.

Die totale aantal van hierdie martelaars is min of meer 73, en indien ons met hulle 'n woordjie voer, waarsku hulle net: „Kom jy volgende jaar Opvoedkunde toe om te kom „loaf" ... daar wag 'n verrassing vir jou.

Afgesien van al hierdie smarte en lydings wat hierdie mense moet deurgaan, vind ons dat hulle dit blymoedig dra en vol van vreugde en vriendelikheid is, en geniet hulle tog die werk.

## POSPROBLEME ALLIG OPGELOS

**NA Die Wapad verneem sal elke koshuis in die vervolg 'n eie afsonderlike posbus in die administrasiegebou hê. Sleutels vir hierdie posbusse sal aan die koshuise beskikbaar gestel word; sodoende sal die eerstejaars in die vervolg net die bus hoef oop te sluit om die pos by te kom.**

**Verder het mnr. J. Schutte bekend gemaak dat die administrasiegebou vanaf 1 Augustus van 8—1 en 2—5 vir die studente oop sal wees.**

U het volop keuse in ons groot verskeidenheid

★ BOEKE VIR STUDIE EN ONTSPANNING

Nou OOK

'n wye keuse vir

★ PLATE

by

PRO REGE - PERS BEPERK

„DIE POTCHEFSTROOMSE BOEKHANDEL"

Tomstraat — Telefoon 3421 — Potchefstroom.

# EN TOE KRY OVER DE VOOR 'N NAAMBORD

**OVER DE VOOR spog deesdae met 'n baie verhewe naambord; so hoog verhewe dat een inwoner gevra het: „Waarom word die naambord nie eerder op Karlien of Heide geplaas nie? Dan sou die owerheid daarin geslaag het om die naambord regtig groot hoogtes te laat bereik".**

Die naambord van Over de Voor is so hoog geplaas dat niemand dit raaksien nie, behalwe as jy miskien in die weer belang stel.

**Gesiene koshuis**

Toe daar om sy mening gevra is, het Hennie du Toit gevra: „Wáarvan praat julle?", want hy het dit na twee weke nog nie gesien nie.

Sekere regstudente se mening was: „Over de Voor is 'n gesiene koshuis. Die inwoners moes self oor so 'n naambord besluit het. Hier geld die Latynse spreuk ‚sui generis' te alle tye".

**Willie Lourens sê dat die naambord tog 'n goeie doel kan dien: „Dit adverteer ons koshuis aan buitestaanders, want dit lyk of dit 'n losieshuis is. Over de Voor se leeukop-wapen moes nog net daarop gepryk het".**

Herman Venter het voor 'n ander probleem te staan gekom: „Aangesien daar aan die onderkant van die naambord 'n deur is wat tot die warmwaterstelsel ingang verleen, lyk dit of die persoon Johannes van Rooy daar woonagtig is".

**Verkramp**

Theuns van der Walt is van mening dat die naambord op die oomblik nog verkramp is, maar hy spreek die hoop uit dat dit weldra verlig sal wees.


Dries van der Walt meen dat as die naambord verlig word, 'n flikkereffek baie eie aan Over de Voor sal wees. „Wat daarvan as die flikkering by die J begin en eindig by die Y?"

**Sommige was baie negatief en was van mening dat dit slegs 'n goeie rusplek vir duiwe is.**

Tog is die meerderheidsmening dat aangesien ons nie elke dag iets van die owerheid ontvang nie, ons hierdie grootse gebaar van welwillendheid moet waardeer. 'n Gegewe perd word nooit in die bek gekyk nie.

'n Aster van Klawerhof wat by Over de Voor verby gery en toevallig opgekyk het, sê: „Die rook uit die skoorstene walm gedurig voor die „naambord" verby. Dit lyk soos 'n fabriek".

## OVER DE VOOR SE NAAMBORD




(Foto: Ben van der Walt)


**SOMER- EN WINTERMATERIALE**

van die beste gehalte
Spesiale afslag aan studente

**BAILLIE PARK NAALDWERKSENTRUM**
Holtzhausenstr. Bailliepark Tel. 8321

**AS TWEE GROTES SAAMSPAN KRY JY DIE WENSPAN**

SAAMBOU-NASIONALE BOUVERENIGING

Hoofkantoor: Kerkplein 13, Pretoria.
Landswyd deur takke en agente verteenwoordig.


# 'N KLEINER MAAR BETER BESEMBOS

**„TOEKOMS — die begin van die dekade '70, die begin van 'n nuwe eeu vir die Puk — dit is die tema wat hierdie jaar in die Besembos vergestalt sal word", het Johan Botha, redakteur van die Besembos, aan Die Wapad gesê.**

Vernuwings wat 'n nuwe toekoms vir die Besembos inlei, kenmerk al die vooruitsigte vir die Besembos van 1970 wat waarskynlik einde Oktober sal verskyn. Die eerste breuk met die tradisie is dat die Besembos nou in Pretoria gedruk sal word, deur 'n drukkery, wat al 'n toekenning ontvang het as die beste litograwe in die land. Om binne sy begroting te bly, sal die Besembos nou egter 112 bladsye beslaan i.p.v. die 150 van die verlede.

**Die Besembos sal 'n nuwe opset toon wat afwyk van die tradisionele patroon. Dit formaat sal groter wees as in die afgelope drie jaar, en die stereotiepe indeling van artikels volgens die verskillende fakulteite, word nou iets van die verlede geag. Die fotoflitse sal ook nie soos voorheen verskyn nie.**

**Rektor**

'n Artikel deur die rektor — „Toekoms van die campus" — sal 'n treffende nuwigheid wees i.p.v. die gewone voorwoord.

Die voorbladontwerp sal dieselfde wees as dié van die Besembos van 1948: 'n Besembos tussen die klippe.

**Oplaag**

In vergelyking met verlede jaar se oplaag van 1,200, sal daar hierdie jaar 1,500 Besembosse gedruk word. Verspreiding sal op koshuisbasis geskied soos in die verlede, afgesien van die 300 eksemplare wat gewoonlik teen R1 stuk deur die Departement Ontwikkeling oorgeneem word vir versending aan donateurs.

# *Uit die* POSSAK

## *Reflektor aangeval*

**Geagte Redakteur,**

**Vandag gaan dit om iets en iemand wat in die verlede na aan die Puk-studente gestaan het nl. Die Reflektor en sy rubriek. Hierdie jaar is dit allermins die geval en word een en dieselfde onderwerp elke keer opgedis in die vorm van 'n siniese geradbraak.**

Die Studenteraad is per slot van rekening 'n noodsaaklike en leidinggewende liggaam op die Puk, wat al menige kastaiing vir die gewone student uit die vuur moes krap. Buitendien was een rubriek oor die onderwerp voldoende om die Reflektor se gevoelens oor die saak duidelik te begryp. Afwisseling sal beslis waardeer word.

Ons hoop dus dat weer die eens uitstaande rubriek soos dit in die verlede was in die toekoms verwag kan word.

Met dank,
Die uwe,
Pro-S.R.

REFLEKTOR ANTWOORD:

*Dit is opmerklik dat Pro-S.R. na my verwys as* d i e *Reflektor, en nie slegs as Reflektor nie. Dit laat my ongetwyfeld dink dat sy my sien as 'n objek en nie as die mens wat ek inderdaad is nie. U brief het my hartseer gestem. Pro-S.R., veral omdat dit indirek impliseer dat ek anti-S.R. is. Dit ontken ek ten sterkste.*

*U noem dat die S.R. 'n noodsaaklike en leidinggewende liggaam (is). Die Studenteraad is nie leidinggewende liggaam nie, maar wel 'n belangebehartigende liggaam (Grondwet, Art. 1). D.w.s. die Studenteraad is nie veronderstel om vir u en vir my te lei nie, dit behartig slegs ons belange. As ek soms kritiek of lof uitspreek (u noem dit siniese geradbraak) dan moet dit aanvaar word in die goeie gees waarin dit gegee word, soos dit in die verlede gedoen is, en soos ek dit ook in die toekoms, waar nodig, sal doen.*

*Ek probeer nietemin aan u vriendelike versoek voldoen.*

*Reflektor.*

## WIMPIE VERJAAR

DIE derde verjaarsdag van Karlien se donkie-gelukbringer, Wimpie, is verlede Donderdagaand op gesellige wyse deur Karlien en die manne van Hombré herdenk.

Die kinderpartytjie is reeds lank vooraf beplan, sodat dit baie suksesvol was.

Prof. en mev. W. J. de Klerk en mev. Pretorius, die matrone, was die eregaste.

Hombré het reeds vroeg die oggend 'n pragtige ruiker gestuur, en daar is van mev. Pretorius ook 'n ruiker ontvang. Tydens die partytjie, is daar 'n geskenk deur Hombré oorhandig wat Wimpie baie verwelkom het — 'n heerlike bossie wortels!

Daar het 'n aangename gees geheers, en aan koek en lekkernye het dit nie ontbreek nie. Willem Johannes, alias Wimpie, het die partytjie net so geniet, en het heerlik aan sy wortels gekou.

## CAMPUSGEVEG EINDIG ONBESLIS

SKOKKEND NÉ! Maar ai so lekker, dit was nou behoorlik die geval van die kat en die hond.

Over de Voor het Heide uitgedaag tot 'n kussinggeveg. As wapens moes kussings gebruik word (wat die dames van die huis af saamgebring het!). Die plek waar die bloeddorstige geveg moes plaasvind was tussen Over de Voor en Dawie Dup en die tyd net na sleeptyd.

Heel oorspronklik het die eerstejaardametjies van Heide, nadat hulle hulself eers daarvan vergewis het dat al wat 'n man is, heerlik aan die eet was in die eetsaal, gepoog om die Over de Voormanne se kussings te skaak. Die poging was in 'n mate heel geslaag, net jammer dat die ete so vroeg verby was en 'n paar asters onder skoengrimering moes deurloop.

Tydens die geveg self het daar geen noemenswaardige hoogtepunte plaasgevind nie. Van ongevalle was daar geen sprake nie.

Die geveg het 'n heel besondere uiteinde gehad toe dit deur prof. Preller onbeslis tot niet verklaar is.

## WENNER VAN NORISTANPRYS



**Die Noristan-prys van R100 en 'n silwermedalje is aan mej. Georgie Pretorius van die P.U. toegeken vir haar wen-opstel oor „Die plek van die Apteker in die Gesondheidsdienste van Suid-Afrika".**

**Die toekenning is gemaak deur die Farmaseutiese Advieskomitee van Noristan. Mnr. J. J. Botha van die Pretoriase Kollege vir Gevorderde Tegniese Onderwys en mnr. P. B. V. Price van die Universiteit Rhodes het elk 'n bronsmedalje ontvang en deel die R50-prys.**

**Die onderwerp vir die volgende wedstryd is: „Faktore wat die Stabiliteit van Voorbereide Geneesmiddels beïnvloed". Die wedstryd is oop vir alle farmaseutiese studente in hul voorlaaste studiejaar.**


**A. VORSTER APTEEK**

Octron-gebou
Lombardstraat

VIR VINNIGE AFLEWERING

SKAKEL 7074




Miskien voel jy ook soms só.

Of miskien nie.

Miskien is jy altyd gelukkig en hinder die kunsmatigheid van hierdie orde jou nie en hunker jy nie soms wanhopig na ver sterre of onbereikbare eensaamheid nie. Of na ongekunstelde mense waar jy naby jou Skepper kan wees en kan praat en praat oor die eenvoudige dinge, of stilbly.

Of skryf.

Sommer net skryf. Nie vir iemand om dit wat jy skryf te lees nie, maar slegs om uiting te gee aan dit wat soms móét uit. Om die kuns wat jy skep te stel teenoor die natuur. Om te vergelyk. En om die beste vir jouself te hou.

Of om êrens langs een van die oseane te sit op 'n rots en net te ervaar. Om die sout van die sproei wat in jou gesig waai te proe. Om die wind in jou hare te voel. Om te kyk na die geel rykdom van die sand sonder om te wonder waar jy moet trap.

Miskien wil jy slegs eenmaal weer die geluk van 'n verlore liefde smaak. Of die bitter alléén 'n oomblik ervaar.

Klein kaalvoet meisie in die reën met 'n lag op jou gesig. Ek onthou hoe jy vreugde uit die klein dingetjies kon put; hoe besorg jy was oor die mossie wat halfverkluim op die grond gelê het. O, ek onthou baie dinge. Maar dis van jou wat die digter gepraat het toe hy sê **maar dié wat skoonheid en hoogheid dra as las en ver verlange, is 'n vreemde ras van mense en bloot aan veel gevaar.**

Of miskien sou jy ook eendag, net één dag, wou leef sonder gebondenheid aan tyd, sonder 'n oorlosie aan jou pols.

Maar miskien hou jy van hierdie orde. Of is dit omdat jy bang is om alleen met jouself te wees omdat jy jouself nie ken nie? Miskien bekoor die liggies van die beskawing jou werklik.

Ek haal my hoed in satuut vir jou af.

# Heide-inwoners voel tuis

**WEET JULLE:**

- **Waar bly die gaafste asters?**
- **Waar is die mooiste tuin in wording?**
- **Waar hou jy die lekkerste intertees?**
- **Waar is die hoogste gebou in Potch?**

**Reg geraai. Dit is HEIDE!**

Die dames wat verlede jaar nog alte lekker in Kulu en Thaba Jäh gebly het is dit almal eens dat dit sommer 'n baie bak idee was om skapies bymekaar te jaag. Die hele kaboedel bly glo alte lekker saam.

Dit is nou wel 'n tragedie dat die liewe goeie, bestendige, **verstandige seniors, met so 'n oordosis** verspotte, giggelende oud-matrikulante moet staan en sukkel. Dit blyk egter nie of hierdie seniors hulle enigsins daaraan steur nie en daar wag glo nog heelwat „aangename" verrassings op die eerstejaars.

Daar is ook nie tyd om hulle te verveel nie, want die dames het al van 'n elementêre brand tot uiters benoude oomblikke in 'n hysbak wat weier om te beweeg, beleef.

Wat die slepery betref, is Heide hoog aangeskryf by die manne. Dit is egter veral die manne van die Republiek Over de Voor wat maar nie die mooi goedjies van die nuwe Staat Heide kan laat staan nie (nie dat lg. nou juis omgee nie).

Prof. en mev. Erasmus word dan ook deur al die dames as gawe huisouers beskou. Veral ook nadat hulle op so 'n uiters gesellige wyse deur hul „pa en ma" onthaal is.

Dit is dus 'n voldonge feit dat daar oorkant die spoor in Heide net geluk, vreugde en plesier heers.

## Studentegetalle groei

Daar is vanjaar 4,212 studente aan die P.U. ingeskryf, teenoor die 3,750 van verlede jaar. Hiervan is daar 1,136 nagraadse studente. Die rektor prof. H. J. J. Bingle, het al vroeër daarop gewys dat dit geen ongewone verskynsel is dat tot eenderde van die P.U.-studente met nagraadse studie besig is nie.

Van die voorgraadse studente is 2,082 seniors en 971 eerstejaars. Die groot getal deeltydse studente groei ook steeds aan. Daar is vanjaar altesaam 637, waarvan 341 by die Universiteit se tak in die Vaaldriehoek ingeskryf is.

Daar word verwag dat die studentetal in 1971 die 5,000 kerf sal bereik.

Geniet

WILLARDS-SKYFIES

Asook

KAASKRULLE,
FLINGS,
SPRINGMIELIES,
en
SKYFIES

### SKEIDSREGTERS

★ *Vervolg van bladsy 4*

En wat van die lynbeamptes? Het dit nie tyd geword dat meer gesag aan hulle verleen word om die skeidsregter behulpsaam te wees nie? Sodoende, deur gebruik te maak van gekwalifiseerde lynbeamptes, sal die reëls baie meer effektief en konsekwent toegepas kan word en sal die taak van die skeidsregter in aansienlike mate verlig word.

Elke wedstryd, elke span, elke speler moet alleenlik op meriete oorweeg word. Vorige ondervindinge of selfs gerugte met betrekking tot 'n spesifieke span of speler(s) moet 'n skeidsregter onbevooroordeeld laat en geen uitwerking hê op sy beslissings nie.

#### Uitdaging

**Net soos dit vir 'n speler 'n uitdaging is om 'n goeie wedstryd te speel moet dit vir 'n skeidsregter 'n uitdaging wees om die wedstryd goed te hanteer. Net soos die speler aan homself en sy span verantwoording verskuldig is om sy beste te lewer, so is 'n skeidsregter aan homself, die toeskouers en beide spanne verantwoording verskuldig vir sy hantering van die wedstryd.**

Die skeidsregter moet in die hantering van die wedstryd vir homself 'n spel, waarin aan sekere vereistes voldoen moet word, konstrueer. Sodoende sal bevooroordeling en diskriminasie agterweë gelaat word en sal ons die spel rugby hê soos ons dit graag wil hê.

Alleenlik so 'n skeidsregter kan aan rugby en die beoefenaars daarvan 'n guns bewys en die spel van krag tot krag laat gaan.

*N.S.* Kan die sportinstituut nie 'n afrigtingskursus vir aspirant skeidsregters aanbied nie?

**DIE BULT DROOGSKOONMAKERS**

**Spesiale diens Voor 12 vm. dieselfde dag**

Kollektante in koshuise

GEE 'N MAN 'N LUCKY!




VERVAARDIG IN SUID-AFRIKA EN RHODESIË



Mnre. Kobus van der Walt en Johan van Rensburg kyk belangstellend toe gedurende die voorbereidings van Alabama.
(Foto: Fotokuns)

# DIE SUIDE GAAN 'N OPWINDENDE ALABAMA SIEN

**VANJAAR DRINK ons saam met Alabama 'n heildronk op die LEWE. Want of dit nou deur middel van 'n Duitse matroos is wat glo „Gin und Rum werfen keinen Seemann um" of 'n Russies-Joodse kleinboer se meditasies oor die vreugde om te lewe — Alabama se tema is weer eens en nog meer as vantevore: lewensvreugde.**

Soos die Lorelei se verloklike lied, het opwindende klanke uit die Totiussaal die afgelope drie weke 'n onweerstaanbare aantrekkingskrag vir verbygangers gehad. Alabama oefen en oefen dat dit weerklink. Die toer is om die draai en dis nou bewegings oefen op liedjies waarvan daar — helaas — nog nie eintlik al die woorde geken word nie..!

„Beweging" is dan ook 'n kernwoord in Revue 70. David Mathewson wat die choreografie behartig, slaag daarin om aan elke besondere liedjie reg te laat geskied deurdat die bewegings die idee van die liedjie beklemtoon en dit ook visueel onder die toehoorder se aandag bring.

As die belofte van reënboogkleur-sproeikannetjie décor, sprokies-beligting, valletjies-voorskootjies, sambrele en glimmende langrokke bewaarheid word, dan wil ek nie een van die vier-en-twintig koorlede wees wat nooit hulselwers gaan sien nie.

'n Groot deel van die suide van ons land gaan wél kans kry om Revue 70 te sien. Die toerprogram is egter nie so uitputtend lank soos vorige jare nie en sluit in:

2 Julie: Worcester, 3 en 4 Julie: Belville, 6 Julie: Paarl, 7 Julie: Stellenbosch, 8 Julie: Caledon, 10 Julie: Swellendam, 11 Julie: Mosselbaai, 13 Julie: Oudtshoorn, 14 Julie: George, 16 Julie: Uitenhage, 17 en 18 Julie: Port Elizabeth, 20 Julie: Grahamstad, 21 Julie: Oos-Londen, 22 Julie: Queenstown, 24 Julie: Bloemfontein en 25 Julie: Welkom. Daarna kom die addisionele aanbiedinge in en om Potchefstroom met die laaste een op 5 Oktober in Johannesburg.

## Ampie:

# WARM, EG UIT ONS AARDE

**Stuk: Ampie deur Jochem van Bruggen, verwerk deur Francois Swart.**
**TRUK-aanbieding, Stadsaal, 11 Junie. Regie: Francois Swart.**
**Spelers: Marius Weyers, Laurie van der Merwe, Tine Balder, Schalk Jacobsz, Anette Engelbrecht, Katinka Heyns, David van der Merwe, Don Lamprecht, Louis van Niekerk.**

Warm en eg-menslik, uit ons aarde, van en vir ons mense is hierdie aanbieding van Ampie.

Dis mos Ampie, het ek geweet, toe Marius Weyers met Jakob op die vendusie gekom het om onder sy pa se dwang sy getroue donkievriend te verkoop. Verward en eensaam — Ek weet mos nie watter spore om te loop nie, ou Jacob — opstandig en ru in sy haat vir sy pa, rou menslik in sy liefde vir ou Jacob en Annekie, kindbang vir die weer — dit is Ampie soos Marius Weyers hom weer laat lewe het.

KIND TOT MAN

Besonder goed is Marius Weyers se stemgebruik en gesigspel en ook die karakterontwikkeling van die rou, onbeskaafde tot die deur liefde getemperde mens, van die kind tot die man, sonder dat die méns Ampie verander.

Mooi is die ontwikkeling van die astrante Annekie (Katinka Heyns) tot die jong vrou en die moeder van Ampie se seun, wat hy hartroerend vernoem na Jacob. Hierdie Jacob was die verstandigste en beste esel wat 'n mens kon kry vir dié rol!

Twee karakters wat in 'n mens se geheue sal bly vassteek, is die prekerige oom Tys, baie goed vertolk deur Schalk Jacobsz, en sy vrou, tant Annie (Anette Engelbrecht) met haar afgeremde liggaamshouding en snaakse tipiese gesegdes.

In die rol van Hester Staander is daar iets ongedefinieers wat haar net nie in die rol laat pas nie.

OORTUIGEND

Louis van Niekerk, wat die rol van Dawid Nortjé, Ampie se pa, vertolk, speel luidrugtig oortuigend die rol van dié afstootlike karakter. Tine Balder, in die rol van Grieta Booysen, verval nie in die tipe, deeglike huisvrou nie, maar bly menslik. Kaspar Booysen (Laurie van der Merwe) pas goed in sy rol, maar doen effens te gekultiveerd aan.

In die klein rolletjie van die byna onthutste dominee het Don Lamprecht my meer oortuig as in die rol van Flip Staander. David van der Merwe pas goed in die rolle van die afslaer en Moosa, maar is darem te oud vir die rol van Bart.

NOOIT KLUGTIG

Francois Swart het in sy verwerking ekonomies met die karakters te werk gegaan en kom daar minder karakters voor as in die oorspronklike werk, sonder dat die gees en die storie van Ampie verlore gaan.

Die dekor is besonder geskik vir 'n toerprogram en goed ontwerp deur Schalk Jacobsz.

Die hele opset van die opvoering pas aan by die eenvoud wat spreek uit die prosawerk.

Dit is 'n stuk wat jou soms laat lag, omdat dit snaaks is, maar dit word nooit klugtig nie. Meermale kan jy nie lag nie, want Ampie is méns.

L. Groenewald.

# Letterkunde ook uitwaarts

DIE Potchefstroomse Werksgemeenskap van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, bied op Woensdag 24 Junie 'n lesing aan oor *Afrikaanse letterkunde na buite*. As spreker sal prof. T. T. Cloete van die departement Afrikaans-Nederlands optree.

Hierdie onderwerp sluit aan by die tema van die referate gelewer by die jaarvergadering van die Akademie in 1969, nl. „Suid-Afrika na Buite". Dit sal plaasvind in die Plantkundelesingsaal, en alle belangstellendes is welkom.

## *Beethovenfees*

# Aand van ou-wêreldse sjarme

**COLLEGIUM MUSICUM 1970. Beethovenaand.**
**Die Leif Hansen-strykkwartet, Pieter de Villiers, Gerard van de Geest, die Collegium Musicum- en Potchefstroomse Volksteater-kore o.l.v. Pieter de Villiers, begelei deur Martie Koornhof.**
**Musiekkonservatorium, P.U. vir C.H.O. 24 Junie 1970.**

Soos reeds op drie vorige geleenthede, is hierdie uitvoering aan minder bekende werke van Beethoven gewy. Die program het bestaan uit twee strykkwartette nl. die in C mineur en die in C majeur, 'n sonate vir tjello en klavier en 'n werk wat oorspronklik vir koor en orkes gekomponeer is: „Meeresstille und Glückliche Fahrt".

In die C mineur-kwartet slaag die Lief Hansen kwartet daarin om 'n ou-wêreldse sjarme aan die luisteraar te skilder. Die samespel is goed en veral in die eerste beweging waar die eerste viool in gesprek met die res van die kwartet verkeer is dit duidelik dat die kunstenaars 'n eenheid is. Die kort minuetto met sy besondere gesinkopeerde ritme was besonder aangenaam om na te luister. In die C majeur-kwartet was dit die tjello wat veral in die pizzicato gedeeltes die lig gesteel het.

Juis hier was dit, na die ronde vol klank wat die tjello gekenmerk het in die Sonate, of die tjello effens heserig was. Maar tot by die haastig-jubelende einde het die uitvoering 'n mens betrokke gehou.

Die aand is afgesluit met 'n uitvoering van „Meeresstille und Glückliche Fahrt" — 'n gedig van Goethe wat Beethoven vir koor en orkes getoonset het. Die aansig van die gekombineerde kore was baie indrukwekkend, maar dit was asof die koor nie heeltemal opgewasse was vir die tegniese moeilikhede wat die werk bied nie. Hier was dit veral die mans, tenore en basse wat soms baie yl geklink het. Nogtans 'n dankbare poging om 'n onbekende werk bekend te stel aan 'n baie waarderende gehoor.

Retha Coetzee.

# INTERESSANTE PRIVAAT-VERSAMELING VAN SKILDERYE

**'N UITERS interessante en waardevolle versameling Suid-Afrikaanse en ander skilderye is op die oomblik te besigtig in die kunslokaal van die Frans du Toitgebou. Dit is 'n privaatversameling van prof. F. P. Scott van Bloemfontein.**

Groot verskeidenheid van stylrigtings word verteenwoordig: van 'n tekening wat net die essensie gee soos F. Claerhout se „Eensame in die Vrystaat" tot die besondere portretstudie van Maggie Laubser of kostelike selfportret van Gregoire Boonzaaier.

Soos prof. G. Dekker by die opening Woensdagaand, 10 Junie, gesê het, getuig die versameling van kennis, smaak en die oordeelkundige kies van skilderye oor baie jare heen.

Prof. Scott is 'n groot kunskenner en die beskermheer van die Potchefstroomse Kunsvereniging aangesien dit deur sy toedoen is dat meeste tentoonstellings plaaslik gereël kan word.

Tentoonstellings wat in die vooruitsig gestel word vir die res van die jaar is:

27 Julie—8 Aug. die vyfjaarlikse tentoonstelling van Suid-Afrikaanse kuns.

Augustus: Salon van plaaslike kunstenaars.

September: Uitstallings deur die Brit Dave Smith en ook die Suid-Afrikaners Iris en Stephan Ampenberger.

Oktober: 'n Uitstalling van Titia Ballot. Sy is die eggenote van dr. Ballot wat Kunsgeskiedenis doseer.








'n Toneeltjie uit die „Onwillige Weduwee" van Henriëtte Grove wat deur Thalia opgevoer word.
(Foto: Fotokuns)

# Tienmanrugby vir Theos

**GEEN SPAN kan wenrugby speel sonder 'n behoorlik speelpatroon nie. Daarom heers daar tans soveel kommer oor die Theos se spelpatroon.**

Tot dusver is daar probeer om met die bal te hardloop, maar die ritme en slaankrag het ontbreek in die middelveld. Verskeie senterkombinasies is op die proef gestel, maar dinge wou net nie vlot.

In die wedstryd teen Strathvaal was dit reeds duidelik dat die manne liewers wil terugkeer na verlede jaar se patroon en skynbaar dink die grootbase ook so. Geoordeel aan die spankeuse, gaan dit weer vanjaar die ou patroon wees van hoogskop en storm.

Dit wil egter nie sê dat agterspel daardeur afgeskeep moet word nie. 'n Losbal is nou maar eenmaal daar om gedra te word en met hierdie tipe rugby is besit van die losbal baie belangrik.

Die keurders sal dus nog steeds moet soek na 'n geskikte senterpaar. Mens wonder dus of Jannie Barnard nie dalk die aangewese man vir die probleem is nie. Henk Coetzee is weer die gunsteling agter die skrum, en Barnard kan beslis nie in die tweede span gemors word nie.

Daarby is die senterposisie vir Barnard geensins vreemd nie. In 1967 het hy juis vir die Puk en Wes-Transvaal o./20 in hierdie posisie gespeel.

**Piet Brand**

**Terwyl ons dan vandeesweek oor rugby gesels, kan mens gerus**

## op eie werf

**'n paar gedagtes wissel oor Piet Brand. 'n Ontydige kniebesering het hom vanjaar van groter louere weerhou.**

Die ernstige kniebesering, wat hy in Wes-Transvaal se wedstryd teen Rhodesië opgedoen het, het hom weerhou om aan verlede week se nasionale proewe deel te neem. Brand was juis besig om van die beste rugby in sy loopbaan te speel.

Slotte wat voor in die lynstane kan spring, is juis in aanvraag. Sakkie de Klerk van Transvaal, is tans die gunsteling vir die Springbokspan, maar met die nodige ondersteuning kon Brand hom dalk verras het.

## SKEIDS-REGTERS

SKEIDSREGTERS vir Saterdag se rugbywedstryde op Potchefstroom is soos volg:

Olënpark: 4 nm. mnr. J. H. P. van der Merwe Dorp teen P.U. (Neserbeker); 2.45 nm. mnr. S. Murray Dorp II teen P.U. II (Tod Suttie) en 1.45 nm. mnr. A. P. Bird Strathvaal onder-twintig teen P.U. onder-twintig A.

Universiteitsvelde: albei wedstryde om 2.45 nm. mnr. J. C. Coetzee vir die derde spanne van Dorp en P.U. (Olën) en mnr. B. A. van der Merwe vir die vierdes (Strathvaal).

★ *Vervolg van bladsy 1*

beskouing, Wysbegeerte en Vakwetenskap".

Enkele punte van bespreking in die verslag is die volgende: 'n besinning t.o.v. 'n lewens en wêreldbeskouing, die vraag of Christelike wetenskap 'n godsdienstige of kerklike wetenskap is, en ten slotte, hoe lyk 'n Christelike wetenskap.

# DIRK TROEF PUK

**DIE PUK SE kanse om vanjaar die Neserbeker te buit het 'n gevoelige knou weg, nadat die sterk span van Strathvaal die Theos met 13—3 geklop het. Daarmee het R.P.M. weer die voortou geneem en boonop is die Theos nou gelyk met Strathvaal, Rustenburg en Potch. Dorp.**

Verskonings vir die Pukke se neerlaag is daar egter nie. Die geeltruie kon net nie in hoogste versnelling kom nie en het selde gelyk of hulle die knoop sou deurhaak.

Dit was ook nie net die agterlyn wat die blaam moet dra nie, want voorlangs is daar ook maar gesukkel. Slegs Dawid van Aswegen kon soms die balle skoon in die lynstane bemeester. Die ander manne het geklap en Jannie Barnard het dus 'n moeilike dag agter die lynstane beleef.

Selfs in die vaste los is die Pukke getroef. Lofty Nel en sy makkers was vinnig op die losbal en het talle losskrums gewen.

Van agterspel was daar in die wedstryd nie sprake van nie. Dirk de Vos het met lang skoppe die Pukke op die verdediging gehou en laasgenoemde se heelagter, Johan Kriek, gedurig rondgejaag. Ongelukkig het Kriek nie 'n baie gelukkige wedstryd beleef nie en kon hy die besoekers dus nie terugjaag nie.

Die Puk se agterlyn het egter ook maar swak vertoon. Schalk van der Merwe het dikwels laat loop, maar daar was geen ritme en slaankrag onder die senters nie. Veral Frans Kruger het teleurgestel met die wyse waarop hy dikwels vasgesteek het.

Die enigste speler wat lus gelyk het vir rugby, was Gerrit Botha. Ongelukkig het hierdie spogvleuel weer eens te min van die bal gesien.

**Dit was dan ook geen wonder dat die Pukke teen die einde van die wedstryd, weer eens teruggeval het op hoë skoppe nie. Dit wil dus voorkom asof dit weer vanjaar die intervarsity-patroon gaan wees.**

Die enigste Puk wat kon punte aanteken was Schalk van der Merwe, wat 'n strafdoel behaal het. Johan Kriek wat vir sy skopwerk in die span ingesluit is, het ongelukkig gefaal.

Vir die wenspan het Saunders en Lofty Nel drieë gedruk. John Roos het 'n strafdoel en twee vervyfskoppe behaal. Die mynspan se baasskopper, Paul du Randt, het vir die tweede span gespeel en sy span se punte aangeteken met 'n drie, strafskop en skepdoel.

# SO VAAR DIE PUKKE

**Rugby**

Eerstes:
P.U. 11, Western Reefs 6.
Tweedes:
P.U. 8, Western Reefs 6.
Derdes:
P.U. 14, Western Reefs 6.
Vierdes:
P.U. 17, Western Reefs 3.

**Puntestand:**

| | S | W | V | G | Pt |
|---|---|---|---|---|---|
| R.P.M. | 10 | 8 | 1 | 1 | 17 |
| Strathvaal | 9 | 6 | 1 | 2 | 14 |
| Universiteit | 8 | 6 | 2 | 0 | 12 |
| Potch Dorp | 8 | 6 | 2 | 0 | 12 |
| Rustenburg | 8 | 6 | 2 | 0 | 11 |
| Klerksdorp | 9 | 5 | 2 | 1 | 11 |
| Goldfields | 9 | 3 | 6 | 0 | 6 |
| Westelikes | 10 | 3 | 7 | 0 | 6 |
| Western Reefs | 10 | 3 | 7 | 0 | 6 |
| Sasolburg | 9 | 2 | 7 | 0 | 4 |
| P.O.K. | 6 | 1 | 5 | 0 | 2 |
| Lichtenburg | 8 | 1 | 7 | 0 | 2 |

**Koshuisliga**

Dawie Dup A 5, Over de Voor A 5.
Dawie Dup B 3, Over de Voor B 3.
Drakenstein B 14, Kompleks B 3.
Drakenstein D 8, Over de Voor 3.

**A-liga**

| | S | W | V | G | Pt |
|---|---|---|---|---|---|
| Dawie Dup | 6 | 5 | 0 | 1 | 11 |
| Kompleks | 7 | 4 | 2 | 1 | 9 |
| Hombre | 6 | 3 | 3 | 0 | 6 |
| Drakenstein | 4 | 2 | 2 | 0 | 4 |
| Over de Voor | 6 | 1 | 4 | 1 | 3 |
| Dorp | 5 | 0 | 4 | 1 | 1 |

**B-liga**

| | S | W | V | G | Pt |
|---|---|---|---|---|---|
| Dawie Dup | 6 | 5 | 0 | 1 | 11 |
| Over de Voor | 6 | 4 | 1 | 1 | 9 |
| Drakenstein | 6 | 3 | 2 | 1 | 7 |
| Kompleks | 8 | 3 | 5 | 0 | 6 |
| Dorp | 6 | 2 | 3 | 1 | 5 |
| Hombre | 6 | 0 | 6 | 0 | 0 |

**C-liga**

| | S | W | V | G | Pt |
|---|---|---|---|---|---|
| Over de Voor | 6 | 4 | 1 | 1 | 9 |
| Drakenstein (1) | 5 | 3 | 2 | 0 | 6 |
| Drakenstein (2) | 3 | 1 | 1 | 1 | 3 |
| Dawie Dup | 4 | 0 | 4 | 0 | 0 |

**Sokker**

P.U. 1, Cardinal Rovers 1.

**Tennis (mans)**

**Koshuisliga:**

| | S | W | V | G | Pt |
|---|---|---|---|---|---|
| Kompleks | 2 | 2 | 0 | 0 | 4 |
| Over de Voor | 2 | 1 | 1 | 0 | 2 |
| Dorp | 2 | 1 | 1 | 0 | 2 |
| Drakenstein | 1 | 1 | 0 | 0 | 2 |
| Hombre | 2 | 0 | 2 | 0 | 0 |
| Dawie Dup | 1 | 0 | 1 | 0 | 0 |

**(dames)**

| | S | W | V | G | Pt |
|---|---|---|---|---|---|
| Oosterhof | 1 | 1 | 0 | 0 | 2 |
| Karlien | 2 | 1 | 1 | 0 | 2 |
| Heide | 1 | 1 | 0 | 0 | 2 |
| Klawerhof | 2 | 0 | 2 | 0 | 0 |

## THEOS WEN OP ORKNEY

Hierdie oorwinning was net so mistroostig as die weer waarin die wedstryd afgespeel is. Die Theos het verlede Saterdag vir Western Reefs met 11—6 verslaan, maar kon nooit werklik aan die gang kom nie.

Western Reefs is een van die swakker spanne in die liga. Hulle negatiewe taktieke het egter daarin geslaag om die Pukke te ontsenu, en die manne het dus nie veel geleentheid gehad om te hardloop nie.

Die enigste agterspelers wat uitgeblink het, was die nuwelinge Eugene van Wyk en Schalk van der Merwe. Dit was Van der Merwe se eerste wedstryd as heelagter en hy het puik vertoon onder druk.

Van Wyk het ook getoon dat hy baie belowend is en nog baie vir die Theos gaan speel. Miskien kan hy op die Rhodesiese toer tot 'n puik senter ontwikkel.

Die Pukke se punte is aangeteken deur Tiny van Eck, Bernard Bernardo en Neels de Bruin, wat elk 'n drie gedruk het. Schalk van der Merwe het die een drie vervyf.

Vir Western Reefs het Japie Pretorius geslaag met twee strafdoele.

## JUDO PRESTEER

SLEGS een Puk, Hannes van Zijl, is ingesluit in die Wes-Transvaalse judospan. Hy is gekies vir die Wes-Transvaalse B-span, in die swaargewigafdeling. Tydens die onlangse kampioenskappe is hy eers in die eindrondte uitgeskakel.

Wes-Transvaal beskik tans oor een van die sterkste judospanne in die land en daarom kan Hannes Botha en Louwrens Geldenhuis ook tevrede voel met hulle vertonings. Albei is eers in die halfeindrondes van hulle onderskeie gewigsafdelings uitgeskakel.

# PUKKE GAAN SWAARKRY

**DIE THEOS se wedstryd teen Potchefstroom Dorp, is jaarliks byna net so belangrik as die wedstryd teen Pote. Ongelukkig is hierdie wedstryd egter heelwat moeiliker om te wen as die wedstryd teen ons bure.**

Die dorpenaars moet dus moremiddag op Olënpark, weer as die gunstelinge opdraf vir die jaarlikse Derby. Aanvanklik was daar heelwat hoop vir die Pukke, maar in die laaste paar weke, het ons manne 'n bietjie uitgesak.

Daarenteen is die span van Potch. Dorp deesdae mooi op stryk, nadat hulle aanvanklik 'n bietjie gesukkel het. Hulle het ook nog net twee wedstryde verloor en albei vroeg in die seisoen.

Dit is veral voorlangs waar die rooispan se krag lê. Met manne soos Louis Laubscher, Sakkie Raath, Wilhelm Claassen, Albert Rabie, Jan Hennop en dalk nog Daan Ackerman, sal dit bars gaan om die bal in die vaste spel te verower.

Die Pukke is egter beweegliker as hulle teenstanders en Jimmy van Rensburg en sy makkers kan die dorpspan om besit van die losbal klop. As die voorspelers met mening in die losskrums spook, kan die Pukke dus genoeg van die bal te sien kry.

Die vraag is egter wat gaan die Pukke met die bal doen. Bokkie Basson is 'n veilige heelagter en kan dalk die druk van gedurige hoë skoppe weerstaan. **In daardie geval sal ons met die bal moet** hardloop en daaroor is daar bedenkinge.

Agterlangs is die tuisspan goed toegerus met manne soos Jaquer de Jager, Johan van der Schyff en Ibert Joubert. Veral eersgenoemde twee is deesdae mooi op stryk.

Vir albei spanne is hierdie wedstryd van baie groot belang indien hulle nog 'n sê in die liga wil hê. Dit sal dus ongenadiglike harde rugby wees, maar met 'n bietjie geluk kan die Pukke dalk verras.

# MÔRE SE SPORT

**Rugby**

P.U. vs. Potchefstroom Dorp (Park).
P.U. o/20a vs. Strathvaal o/20 (Park).
P.U. o/20b vs. Fochville o/20 Koshuisliga.
Drakenstein vs. Dawie Dup.

**Tennis (mans)**

Hombre vs. Dorp.
Drakenstein vs. Kompleks.
Over de Voor vs. Dawie Dup.

**Tennis (dames)**

Karlien vs. Heide.
Oosterhof vs. Klawerhof.

**Hokkie**

Karlien vs. Heide.
Oosterhof vs. Klawerhof.

**Netbal**

Karlien vs. Heide.
Oosterhof vs. Klawerhof.

GROOT belangstellings heers vir die wedstryd tussen die All Blacks en Wes-Transvaal op Olënpark op 13 Julie.

Alle kaartjies vir die hoofpawiljoen is reeds uitverkoop en die kaartjies vir die bykomende sitplekke wat nog in aanbou is, word ook vinnig verkoop.


## PARADISE RESTAURANT

- **Dié kafee op die Bult met lugverkoeling**
- **dié kafee waar studente hul koeldrankie drink,**
- **EN SNOEKER SPEEL!**

BESTELLINGS VAN DAMESKOSHUISE WORD AFGELEWER

**Tomstraat 86** **Tel. 5474**

# INTERVARSITY 22 AUG.

INTERVARSITY sal beslis op die 22e Augustus plaasvind. Volgens die sportdirekteur, mnr. Piet Malan, is daar besluit om nie meer voort te gaan met die planne om intervarsity te verskuif nie.

Aanvanklik is daar gepoog om intervarsity te verskuif na die 29e Augustus, sodat die wedstryd teen die Universiteit van Parys op die 22e Augustus gespeel kan word. Volgens mnr. Malan raak dit egter sowat 20 klubs se bepalings en is van die plan afgesien.

Daar word dus nou van nuuts onderhandelings met die S.A. Rugbyraad gevoer oor 'n geskikte datum vir die wedstryd teen die Franse. Ongelukkig is die Franse se toerspan opgestel in oorleg met die van die All Blacks, en daar word dus nog heelwat probleme ondervind.

Daar bestaan egter nog nie sprake dat die wedstryd teen die besoekers afgelas sal word nie.



Met die rugbyseisoen nog in volle gang is hierdie manne besig om wedstrydfiks te bly.

## STOEIER PROBEER WEER

BERTIE SMITH, belowende middelgewigstoeier van die Puk, kry eersdaags weer 'n kans om die Springbokspan te probeer haal. Hy is naamlik ingesluit in die Wes-Transvaalse span wat gaan deelneem aan die Suid-Afrikaanse proewe, vir die kies van 'n Springbokspan om teen die besoekende Nieu-Seelanders te stoei.

Vroeër vanjaar, tydens die proewe vir die kies van 'n Springbokspan na die wêreldkampioenskappe, moes Smith in die eindronde onttrek as gevolg van 'n rugbesering.

Nog 'n Puk, Johan Preller, is verlede Saterdagaand na afloop van die Wes-Transvaalse proewe, vir die Wes-Transvaalse span gekies. Preller is die huidige interuniversitêre swaargewigkampioen.

Twee ander Pukke, Kosie Ferreire en Dawid Lombaard, is in die eindrondte van die toernooi uitgeskakel. Lombaard het in die middelgewigafdeling teen die voormalige Suid-Afrikaanse kampioen, Jannie Lubbe verloor.

Kosie Ferreire is in die liggewigafdeling deur Gerrie Ehlers van P.O.K., verslaan. Ehlers het al aan verskeie S.A.U. toernooie in Pukkleure deelgeneem.

# Groot vakansieplanne vir Pukke

VAKANSIETYD IS TOERNOOITYD en verskeie sportklubs gaan binnekort weer aan universitêre toernooie deelneem. Al die reëlings is al getref en die onderskeie spanne is druk besig met voorbereidings. Vir twee klubs is vanjaar se toernooie van besondere belang. Die skerm- en netbalklub waag dit vanjaar vir die eerste keer op so 'n toernooi. Die skermtoernooi vind in Pietermaritzburg en die netbal in Grahamstad plaas.

Ongelukkig moes daar egter twee toernooie gekanselleer word, omdat te min universiteite daarvoor ingeskryf het. S.A.U.-reëlings bepaal dat minstens vyf universiteite aan 'n interuniversiteit toernooi moet deelneem.

**Hierdie ongelukkige klubs is die stoei- en gimnastiekklubs. Dis veral vir ons stoeiers 'n groot slag, aangesien die Pukke verlede jaar die toernooi gewen het. Tans beskik ons oor een van die beste stoeispanne in die land en die manne kon deeglik rekenskap van hulleself gegee het.**

Die dameshokkie, pluimbal en landlooptoernooie vind almal vanjaar in Bloemfontein plaas, terwyl die tafeltennisspan Stellenbosch toe gaan. Laasgenoemde klub het besluit om slegs 'n mansspan te stuur, aangesien die dames nie aan die verwagtings voldoen nie.

Intussen het die tennisklub ook groot planne vir die vakansie. Hulle is uitgenooi om aan die jaarlikse tennistoernooi van Umhlali deel te neem. Hierdie toernooi volg jaarliks op die Natalse kampioenskappe en talle bekendes neem daaraan deel.

Volgens mnr. Nico Botha, voorsitter van die tennisklub, sal daar vyf mans en ses dames aan die toernooi deelneem Almal het ingeskryf vir die enkelspel, sowel as die dubbelspel, terwyl hulle ook aan 'n voorgeekompetisie sal deelneem.

Die Pukke wat sal deelneem is: N. Botha, J. Malan, E. Ferreira, P de Villiers, I. Hoffman, (dames) H. Burger, R. Smith, H. Schoch, L. van der Merwe, G. Fourie en L. Adendorf.

## PUKKE WAT PRESTEER

# NICO BOTHA

**NICO Botha het al 'n Wes-Transvaalse titel gebuit, voordat hy op die Puk kon koning kraai. Onlangs het hy egter die bordjies verhang en al drie die Puk se tennistitels ingepalm.**

Nico het reeds verlede jaar 'n Wes-Transvaalse titel gebuit, toe hy en Heloise Burger die gemengde dubbelspel gebuit het. Hy het egter vanjaar vir die eerste keer op die Puk koning gekraai.



(Foto: Fotokuns)

Botha is egter al 'n bekende in Wes-Transvaalse tenniskringe. Hy speel reeds sedert st. 8 vir die Wes-Transvaalse tennisspanne, toe hy gekies is vir die onder-18 span. Hy speel reeds sedert sy eerste jaar (1967) vir die Wes-Transvaalse seniorspan.

Nico het reeds in st. 6 al ernstig begin oefen. Volgens hom was dit die beroepsafrigter, mnr. Damer Litter, wat hom die grondbeginsels van die spel geleer het. Mnr. Litter het veral aandag gegee aan Nico se grondhoue.


GOEIE KOS !
FLINKE DIENS !
u tevredenheid is ons PLESIER !

BAILIEPARK PADKAFEE

(Langs die Johannesburg-pad geleë).
Besit ook dranklisensie

Ons onderneem ook bestellings aan koshuise tot baie laat in die nag na koshuisvergaderings
Tel. 6670




## HOËR LOUERE VIR PLUIMBAL

DIE Puk se pluimbalspelers kon geen titels inpalm tydens die afgelope Wes-Transvaalse kampioenskappe nie, maar sewe van hulle is gekies vir die Wes-Transvaalse span. Hierdie span bestaan uit twaalf lede.

James O'Connor het die beste van die Pukke gevaar deur deur te dring tot die derde rondte van die kampioenskappe. Hy is toe deur Johan Human uitgeskakel, maar nogtans gekies vir die Wes-Transvaalse A-span.

Tokkie Joubert (Wes-Transvaal B) is in die tweede rondte uitgeskakel. Hy het egter teen Jannie van der Merwe, voormalige Wes-Transvaalse kaptein, te staan gekom.

Die ander Pukke wat vir die Wes-Transvaalse B-span gekies is, nl. Rick Thompson, Suna Henning en Ilse Papendorf, is egter almal vroeg reeds uitgeskakel.

## BRANDT MIS DALK TOER

**PIET BRANDT gaan dalk die Rhodesiese toer misloop. Dieselfde kniebesering wat hom uit die nasionale proewe gehou het, sal hom dalk noodsaak om aan die rugbytoerspan na Rhodesië te onttrek.**

Al die ander gereelde eerstespan spelers, sal egter die toer meemaak. Die span sal bestuur word deur hulle afrigter, mnr. Andrew Bird.

Die volledige toerspan is as volg: J. van Rensburg (kapt), C. Venter, T. Coetzee, H. Coetzee, P. Roodt, F. Kruger, G. Botha, S. van der Merwe, J. Barnard, S. de Waal, T. van Eck, H. Coetzee, F. Postma, S. Schutte, D. van Aswegen, P. Brandt, B. Bernardo, N. de Bruin, L. Venter, E. van Wyk en R. Lotz.

Laasgenoemde twee het vanjaar nog gereeld vir die onder-20 span gespeel. Van Wyk het egter verlede week sy debuut in die eerste span gemaak.

Intussen het die Sportinstituut al verneem dat die span se eerste wedstryd teen Ikeys in Salisbury sal wees. Wanneer die toernooi in Buluwayo voortgesit word, sal die Theos teen Rhodes of Natal speel.

**DIE WAPAD word gedruk vir die die eienaars en uitgewers, die Studenteraad van die P.U. vir C.H.O., deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Bpk., Oliënlaan 11 Potchefstroom. Tel. 3245.**


U kan gerus u bande versool by . . .

GOLDEN WEST RETREADERS



'N VOLLEDIGE BANDEDIENS ONDER EEN DAK

Groot voorraad

★ NUWE en VERSOOLDE bande

Versoling nou ook verkrygbaar in die

★ GOODYEAR G 800 loopvlak

LOMBARDSTRAAT 37 — POTCHEFSTROOM

(Skakel 3297 vir betroubare diens en laagste pryse)